31 Januarie 2020

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir die VSA, Brasilië en Argentinië

Pariteite
Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
- Fokus op Afrika: Nigerië

Plaaslike landbou
- In- en uitvoer van mielies
- Nasionale Oesskattingskomitee: Aanplantingskatting

Wisselkoers
Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Prys-risikobestuur
Lang verkoopopsie-strategie (“Long put option strategy”)

PLAASLIKE

WEER



Veertien-dae weervooruitsig:

Droë weer word hierdie week vir die somergraangebiede voorspel, waar die eerste kenmerkende reënval eers ná 6 Februarie 2020 verwag kan word.

Tien-dae weervooruitsig: Brasilië

Nat weer oor die sentrale asook westelike dele van die land sal die oestempo van die eerste mielie-aanplantings in Brasilië vertraag. In die suidelike dele kan verdere droogte steeds verwag word en graan begin by die dag al swakker presteer.



INTERNASIONALE

WEER

Tien-dae weervooruitsig: Argentinië

Droë weer sal die oestempo van die eerste mielie-aanplantings versnel, maar sal sojabone in die ooste van die land negatief affekteer en dus die opbrengste beperk.



RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Oos-Vrystaat

Dorp	Januarie 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Januarie 2018/19	Januarie 2017/18
Bethlehem	94	234	56	66
Frankfort	68	406	92	74
Harrismith	124	283	66	107
Heilbron	100	429	131	202
Kroonstad	103	303	59	76
Marquard	97	237	34	67
Senekal	53	237	40	65
Theunissen	113	208	48	92
Ventersburg	127	331	55	106
Vrede	122	251	61	94

Wes-Vrystaat

Dorp	Januarie 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Januarie 2018/19	Januarie 2017/18
Allanridge	190	368	73	97
Bloemfontein	127	227	63	45
Bothaville	113	289	80	58
Bultfontein	113	289	48	89
De Brug	130	226	40	37
Losdoorns	224	386	56	74
Orkney	136	422	83	66
Viljoenskroon	90	349	171	58
Welkom	135	336	82	37
Wesselsbron	184	358	53	77

RANDAGRI

PLAASLIKE

REËNVAL

Mpumalanga

Dorp	Januarie 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Januarie 2018/19	Januarie 2017/18
Amersfoort	108	322	168	93
Balfour	82	229	129	72
Bethal	126	317	95	84
Carolina	101	263	59	26
Delmas	151	531	118	61
Ermelo	187	640	94	98
Greylingstad	76	453	95	111
Hendrina	123	656	185	60
Middelburg	111	623	227	138
Morgenzon	252	884	228	22
Standerton	57	390	152	130
Wonderfontein	147	469	242	88

Noordwes

Dorp	Januarie 2020 totaal	2019/20 Seisoentotaal	Januarie 2018/19	Januarie 2017/18
Bloemhof	73	192	99	63
Delareyville	113	296	11	98
Derby	99	316	64	115
Klerksdorp	149	478	104	64
Lichtenburg	71	263	79	178
Ottosdal	32	128	31	100
Potchefstroom	198	488	115	65
Regina	100	324	78	51
Sannieshof	54	233	10	19
Schweizer-Reneke	137	281	5	130
Ventersdorp	115	399	130	139

RANDAGRI

INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	Feb-20	Mar-20	Jul-20	Sep-20
PMB-invoerpariteit	R3 125	R3 193	R3 224	R3 199
Kaap-invoerpariteit	R2 911	R2 996	R2 952	R2 918
SAFEX geelmielies	R2 790	R2 840	R2 500	R2 545
Uitvoerpariteit	R2 369	R2 435	R2 350	R2 346

INTERNASIONALE

LANDBOU

FOKUS: Nigerië

Mielies:



	2017/18	2018/19-skatting	2019/20-vooruitsigte
Totale aanbod	12,46 MT	12,73 MT	13,4 MT
Beginvoorraad	0,98 MT	1,3 MT	2 MT
Produksie	11,08 MT	11,03 MT	11 MT
Invoere (NMY)	0,4 MT	0,4 MT	0,4 MT
Total verbruik	12,46 MT	12,73 MT	13,4 MT
Binnelandse verbruik	11,01 MT	10,58 MT	11,25 MT
Verbruik as voedsel	6,31 MT	6,08 MT	6,25 MT
Verbruik as voer	2,2 MT	2 MT	2 MT
Ander gebruike	2,5 MT	2,5 MT	3 MT
Uitvoere (NMY)	0,15 MT	0,15 MT	0,15 MT

Nasionale Oesskattingskomitee – Voorlopige aanplantingskatting

Kommoditeit	Hektaar aangeplant (skatting)	Verskil teenoor voorgenome aanplantings
Witmielies	1 514 800 ha	+ 82 900 ha
Geelmielies	1 020 500 ha	- 66 900 ha
Sojabone	757 000 ha	+ 12 000 ha
Sonneblom	551 500 ha	+ 13 000 ha

Verskille tussen aanplantings en 2019-skattings per provinsie

Provinsie	Witmielies	Geelmielies	Sojabone	Sonneblom
Vrystaat	+ 150 000 ha	+ 15 000 ha	+ 49 000 ha	+ 0 ha
Mpumalanga	+ 17 000 ha	+ 18 000 ha	- 30 000 ha	- 2 000 ha
Noordwes	+ 35 000 ha	- 10 000 ha	- 50 ha	+ 35 000 ha
KwaZulu-Natal	+ 0 ha	- 3 000 ha	+ 9 000 ha	geen

PLAASLIKE

LANDBOU

Witmielies

- Uitvoer = 617 311 t
- Vorige week = 42 748 t
- Invoer = 0 t

Geelmielies

- Uitvoer = 283 274 t
- Vorige week = 8 563 t
- Invoer = 445 143 t
- Vorige week = 13 322 t



WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die rand vertoon swakker teenoor die Amerikaanse dollar weens die uitbreek van die sogenaamde Coronavirus in China, wat die Chinese geldeenheid drasties affekteer.

Die tegniese analise toon dat die rand op die kort termyn minimaal kan versterk. Die langtermynanalise dui egter aan dat die Suid-Afrikaanse geldeenheid verder kan verswak.

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUS

Te vroeg om oor Suid-Afrikaanse kredietgradering te besluit

Die kredietgraderingsmaatskappy Moody's reken dat dit nog te vroeg is om Suid-Afrika se ekonomie na rommelstatus af te gradeer. Faktore wat volgens die maatskappy 'n rol hierin speel, sluit in die redding van Suid-Afrika se kragreus, Eskom, asook die Minister van Finansies se begrotingstoespraak wat op 26 Februarie gelewer sal word. 'n Afgradering na rommelstatus sal beteken dat buitelandse beleggers belangstelling in Suid-Afrika sal verloor en hul geld uit die land sal onttrek.

Lees meer by:
https://www.moneyweb.co.za/news/south-africa/moodys-says-its-too-early-to-assess-south-africas-progress/

Mening:
'n Kredietafgradering sal die Suid-Afrikaanse geldeenheid laat verswak, wat plaaslike graanpryse kan ondersteun.

Chinese virus plaas Suid-Afrikaanse rand onder druk

Die Suid-Afrikaanse geldeenheid, wat alreeds vandeesmaand die tweede swakste van al die opkomende mark-geldeenhede vertoon het, het op Woensdag 29 Januarie 2020 nog verder verswak. Die verswakking kan toegeskryf word aan die gevolge van die virus wat in China uitgebreek en reeds duisende mense geaffekteer het. Dit plaas die Chinese geldeenheid onder druk, wat die Amerikaanse dollar beter laat vertoon en gevolglik verhandel die rand swakker teenoor die Amerikaanse dollar.

Lees meer by:
https://www.businesslive.co.za/bd/markets/2020-01-29-rand-near-one-month-low-to-the-dollar-as-virus-jitters-persist/?utm_medium=Social&utm_source=Twitter#Echobox=1580294570

Mening:
Die swakker rand ondersteun tans plaaslike graanpryse.

Kommandowurmplaag bedreig aanplantings

'n Plaag kommandowurms (FAW of Fall Armyworm), het sy verskyning gemaak in drie provinsies waar dit alreeds erge skade veroorsaak het. Mpumalanga, Gauteng en Noord-Natal het reeds omvattende skade aan CropLife SA gerapporteer.
Areas waar daar reeds aanmeldings gemaak is, is Carolina, Magaliesburg en Piet Retief. Boere word aangemoedig om hulle produksiegebiede fyn dop te hou en om enige vermoede dat die wurm daar mag voorkom, te rapporteer deur fotos te neem.

Lees meer by:
https://www.farmersweekly.co.za/agri-news/south-africa/fall-armyworm-outbreaks-in-mpumalanga-and-kzn/

Mening:
Die kommandowurm kan ernstige skade aan huidige aanplantings veroorsaak, wat die land se totale produksie in die gedrang kan stel en sodoende prysondersteuning bied.

OPSOMMING

- Perfekte toestande word vir die oostelike dele van die land se somer-graanproduksiegebiede voorspel, waar die droër weer verwelkom sal word en die eerste kenmerkende neerslae eers in die tweede week van Februarie verwag kan word.
- SAFEX verhandel tans naby invoerpariteit vir die nabye maande, maar beweeg egter na uitvoer-pariteit in die verdere maande.
- Die Nasionale Oesskattingskomitee het hulle geskatte aanplantings vir alle somergraan opwaarts aangepas vergeleke met die vorige skatting in 2019.

PRYS

RISIKOBESTUUR



Wat is ‘n lang verkoopopsie (“put opsie”)?
Die koper van 'n verkoopopsie koop die reg om voor die vervaldatum ‘n lang verkoopopsie teen ‘n vasgestelde trefprys (“strike price”) uit te oefen. Om die opsie te koop, betaal die koper ‘n premie.

Wanneer is die beste tyd om ‘n lang koopopsie-strategie uit te oefen?
Die beste tyd om ‘n koopopsie uit te oefen, is wanneer die koper van ‘n koopopsie glo die graanprys het ‘n hoogtepunt bereik, en verwag dat die markprys oor die lang termyn sal daal. Die koper sal dus geld verdien indien die graanprys laer as die vasgestelde trefprys verhandel.

Wat as die graanprys op vervaldag hoër as die vasgestelde trefprys sluit?
Indien die graanprys egter hoër as die trefprys is, verbeur die opsiekoper die premie waarteen die verkoopopsie aangekoop is.

Strategiekoste
Die koste van die verkoopopsie is afhanklik van die vlak waarteen die opsie aangekoop is.

Voorbeeld
Indien **koper A** sy graan teen ‘n trefprys van R2 460/t vasmaak en die verkoopopsie aankoop teen ’n premie van R155/t, en die graanprys daal tot R2 200/t, sal die koper geld maak deur die verkoopopsie uit te oefen.

Die koper maak dan ‘n wins van R260/t (R2 460-R2 200=R260/t) wanneer hy sy koopopsie uitoefen. Na aftrekking van die R155/t premie is die nettowins R 105/t (R260 - R155= R 105/t).

Sou die trefpys hoër wees as die koopopsie van R155/t, byvoorbeed R2 300/t, sal die lang koopopsie verval en die enigste koste vir die koper sal die koopopsiepremie van R155/t wees.

Bulk Grain Trade and Supply
Safeguarding Prosperity
in Southern Africa
Servicing the agricultural commodity trade and grain processing communities with pride, since 2002.
Sourced, exported and delivered - directly to you.
A trusted expert on the JSE (Safex), specialising in hedging services.
Proudly delivering quality raw materials to millers and processors.
Wheat
White Maize
Yellow Maize
Sunflower Seeds
Sunflower Oil Cakes
(vegetable protein)
Soya Bean
Soya Bean Oil Cakes
(vegetable protein)
Our grains are promptly delivered to our clients' doorsteps for refining and processing.
Contact us today on +27 (0)13 243 1166 or visit www.randagri.co.za
RANDAGRI

KONTAK ONS

RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: Samora Machelstraat 24,
Middelburg, Mpumalanga